



GRAAD 11 EKSAMEN  
NOVEMBER 2007

**AFRIKAANS HUISTAAL VRAESTEL II  
SKRYFVRAESTEL**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 3 uur

100 punte

---

**Die nasienriglyne is 'n werksdokument wat voorberei is vir gebruik deur onderwysers omdat hulle die Graad 11-vraestelle nasien.**

Daar mag wel verskillende interpretasies van die nasienriglyne wees, maar die onderwyser moet so na as moontlik by die voorgestelde riglyne hou. Indien daar twyfel bestaan, moet die onderwyser 'n ander werkgroeplid of die betrokke Assesseringspesialis kontak.

---

## AFDELING A

### VRAAG 1

- 1.1 Die kandidaat moet die gegewe interpretasie weerlê en toepaslik vanuit die teks – óf vanuit sy/haar eie kennis van die drama (film) – met aanhalings of addisionele inligting herinterpreteer.

Die kandidaat se interpretasie behoort in 'n meerdere of mindere mate aan te sluit by die onderstaande stellings:

- Die McDonalds is juis nie 'n **openhartige gesin** nie, want hulle praat nie oor sekere dinge (Katrien se huilery, Emma se hollery, of Willem se stomheid) nie. Daar is opgekropte woede – soos Emma en die gemeenskap se handelinge toon – wanneer die gesin ter sprake kom. Die gesin se oënskynlike normaliteit is gegrond op die feit dat hulle nie vir ander (o.a. die buitewêreld) "oopmaak" en wys wat aangaan nie.
- Hendrik was eens **gerespekteer**, maar sit nou saam met sy gesin op 'n vergete spoorwegstasietjie. Hy probeer almal hiet en gebied, maar dwing geen respek in die gemeenskap of in sy gesin af nie. Die feit dat hulle soos melaatses weggejaag is van die Volstruisdans, is tekenend van die neersien van die gemeenskap wanneer dit by hierdie gesin kom.
- Emma, hulle dogter, **verstaan nie** waarom haar ouers nie oor dinge soos hulle verlies (aan liefde) of vernedering (deur die gemeenskap) wil gesels nie. Sy kom in opstand teen haar pa se argeloosheid en oppervlakkigheid (sy leë gespraat).
- In die gesin is daar bepaalde **geheime** of dinge waaroor nie gepraat word nie. Hierdie dinge word agter Hendrik se nonsens-pratery weggesteek omdat dit dié goed is wat té seermaak om oor te praat. Hulle het in die verlede bloot voorgegee dat die probleme in hulle lewens nie bestaan nie, en het só in die moeilikheid beland omdat hulle aan ander mense wou toon dat hulle **normaal** was.

Gebruik ten einde laaste die 7-vlak tabel, wat hieronder volg, as riglyn om 'n balans te vind tussen die inhoudelike motivering en stilistiese elemente van die kandidaat se skryfwerk.

INHOUD (STANDPUNT- INNAME) (60%)	STYL (40%)							
	TOTAAL: 30	UITMUNTEND VLAK 7	VERDIENSTELIK VLAK 6	BEVREDIGEND VLAK 5	VOLDOENDE VLAK 4	GEMIDDELD VLAK 3	ELEMENTER VLAK 2	ONTOEREIKEND VLAK 1

<b>UITMUNTE ND VLAK 7</b>	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedreve verteller.	30	27	24.5	22	19	16.5	14
<b>VERDIENS TELIK VLAK 6</b>	Baie goeie, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12
<b>BEVREDIG END VLAK 5</b>	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10
<b>VOLDOEN DE VLAK 4</b>	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip óf leemtes in gedagtes.	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5
<b>GEMIDDEL D VLAK 3</b>	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5
<b>ELEMENTE R VLAK 2</b>	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5
<b>ONTOEREI KEND VLAK 1</b>	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3

30 punte

1.2 Die kandidaat moet **afleidings maak** vanuit die gegewe kommentaar én die uittreksel.

Die kandidaat moet sy/haar **interpretasie toepaslik motiveer** vanuit die teks – óf vanuit sy/haar eie kennis van die drama (film) – deur **aanhalings** of bykomende inligting op die verskillende vrae te gee.

Die kandidaat se interpretasie behoort tot 'n meerdere of mindere mate aan te sluit by die volgende punte:

- Hoe reageer die **gemeenskap** op die McDonalds se verbintenis met die nar? Die gesin word verstoet deur die gemeenskap. Hiervan getuig die eierbesmeerde klere en hulle geskokte reaksie nadat hulle van die Volstruisdans (waar hulle soos melaatses behandel is) af teruggekom het.
- Waarom is die **verhoudings** in die gesin nie normaal nie? Die gesinsverhoudings is in die moeilikheid omdat daar nie oor die dinge wat seermaak met die nodige erns gepraat en ook nie geluister word nie. Hendrik verval in 'n klakkeloze gepraat wanneer moeilike situasies – soos sy seun se "stomheid" of sy vrou se daaglikse gehuilery – ter sprake kom. Omdat Hendrik verkies om nie die waarheid te konfronteer nie, beland almal in die moeilikheid.
- Watter **probleme** bestaan daar in die McDonald-gesin? Die gesin is nie net letterlik in die donker (nag) met slegs 'n lantern wat bietjie lig maak nie. Hulle is ook emosioneel in die duister oor die ander mense se doen en late. Hulle verstaan nie die ander se emosionele behoeftes nie, want hulle vermy sekere onderwerpe. Die kwessies wat ontstel is: die gehalte van hulle lewens op die weggoostasie, Willem se "stomheid", Katrien se behoeftes en verwytte (soos gesien in die huilery); Emma se depressiewe "op-'n-hoop-sittery" en Hendrik se onvermoë om te luister en oor die ernstige dinge te praat.
- Waarin kan die **werking van die paljas** in die gesin opgemerk word? Die paljas se werking word duidelik (in hierdie uittreksel) wanneer Emma in opstand kom teen haar pa en nie stilbly wanneer haar ma haar aanspreek nie. Op hierdie manier is sy in staat om hulle te oortuig om hulle optrede te verander, al gaan dit beteken dat hulle ongemaklik gaan voel en seergemaak gaan word.

Gebruik ten einde laaste die onderstaande 7-vlak tabel as riglyn om 'n balans te vind tussen die inhoudelike motivering en stilistiese elemente van die kandidaat se skryfwerk.

<b>INHOUD (STANDPUNT-INNAME) (60%)</b>								
<b>TOTAAL: 30</b>				<b>STYL (40%)</b>				
		<b>UITMUNTEND</b> VLAK 7	<b>VERDIENSTELIK</b> VLAK 6	<b>BEVRDIGEND</b> VLAK 5	<b>VOLDOENDE</b> VLAK 4	<b>GEMIDDELD</b> VLAK 3	<b>ELEMENTÊR</b> VLAK 2	<b>ONTOEREIKEND</b> VLAK 1
<b>UITMUNTEND</b> VLAK 7	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	30	27	24.5	22	19	16.5	14
<b>VERDIENSTELIK</b> VLAK 6	Baie goede, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12
<b>BEVRDIGEND</b> VLAK 5	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10
<b>VOLDOENDE</b> VLAK 4	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip óf leemtes in gedagtes.	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5
<b>GEMIDDELDE</b> VLAK 3	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5
<b>ELEMENTÊR</b> VLAK 2	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5
<b>ONTOEREIKEND</b> VLAK 1	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3

30 punte

## 2.1

**Deel A**

Kandidate kan 'n verskeidenheid inligting by die onderskeie idees noem. Weeg telkens die relevansie van die aanhaling of inskrywing op. Elke inskrywing (maksimum een per ideeborrel) besorg 1 punt aan die kandidaat.

Kandidate moet telkens TWEE UITEENLOOPENDE sienings uitlig:

Van die stellings wat genoem kan word oor die verskillende perspektiewe is:

- Oor Bafana self: hy is 'n slagoffer van Zuki/hy is die eerbaarste kind
- Bafana sien sy ouers as: eerbare, wyse mense/sukkelendes wat hy moet help
- Bafana sê Zuki is: 'n Mafiosi/krimineel/oneerlik ...
- Bafana glo in: hardwerkendheid/'n misdaadvrye lewenstyl/eerbied vir ouers
- Bafana is 'n stereotipe armlastige plakker wat hom na misdaad "behoort te wend" om 'n uitkoms uit sy omstandighede te kry.
- Mama sien Bafana as: 'n dwaas/verraaijer/polisie-informant/dom
- Mama sien haarself as: 'n lydende a.g.v. 'n dwase seun/ingedoen
- Mama sien Zuki as: 'n vername, ryk en suksesvolle man wat simpatie eerder as veroordeling behoort te kry
- Mama glo, soos Zuki, dat: die rykes uitgebuit moet word/mens nie steel nie, maar net herversprei/die doel heilig die middele
- Mama is die stereotipe nuut-bevoorregte, uitbuitende Suid-Afrikaner.

(10)

**EN****Deel B**

Die kandidaat behoort die volgende elemente in die literêre opstel te gebruik om aan te toon hoe verskillende handelinge vals spore/verkeerde reaksies ontlok:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes
- relevante tekstaanhaling
- 'n formele styl
- 'n samevattende slot

Inhoudelik moet die kandidate wys dat Mama geldgierig geword het en nie bereid is om langer te wag vir Bafana om hulle lewens vir hulle te verbeter nie. Sy soek onmiddellike bevrediging in 'n gees van toe-eiening eerder as 'n eerbare, hardwerkende beloning. Hierdie opvatting toon ook dat sy nie so wys is as wat Bafana laat blyk nie – Zuki draai haar 'n rat voor die oë en sy is nie ervare genoeg oor die stadslewe om te sien hoe verkeerd sy optrede is nie.

Op hierdie manier bly sy nie getrou aan haar oortuiging van ouds dat misdaad ten alle tye verkeerd is en ontwyk moet word nie.

Gebruik laastens die volgende aangepaste 7-vlak tabel as riglyn om 'n balans te vind tussen die inhoudelike motivering en stilistiese elemente van die kandidaat se skryfwerk.

(20)

<b>INHOUD (STANDPUNT-INNAME) (60%)</b>								
<b>STYL (40%)</b>								
<b>TOTAAL: 20</b>								
<b>TOTAAL: 20</b>								
<b>UITMUNTEND</b> VLAK 7	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedreve verteller.	20	17.5	16	15	12.5	11	9
<b>VERDIENSTELIK</b> VLAK 6	Baie goede, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	19	17	15.5	13	12	10.5	8
<b>BEVRDIGEND</b> VLAK 5	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	18	15	14	12.5	10	9	7.5
<b>VOLDOENDE</b> VLAK 4	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip óf leemtes in gedagtes.	16	14.5	13.5	11	9	7	6
<b>GEMIDDELD</b> VLAK 3	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	15	13	12	10.5	8	6	4.5
<b>ELEMENTÊR</b> VLAK 2	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	14	12	10	9.5	7.5	5	3.5
<b>ONTOEREIKEND</b> VLAK 1	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	13	11	9	7	6	4	2

30 punte

## 2.2

**Deel A**

Kandidate kan 'n verskeidenheid inligting by die onderskeie idees noem. Weeg telkens die relevansie van die aanhaling of inskrywing op. Elke inskrywing (een of twee volgens die ideeborrel-eis) besorg 1 punt aan die kandidaat.

Van die stellings wat as **verduidelikings** genoem kan word is die volgende:

- Oor Bafana se lewensomstandighede
  - Hy bly in 'n plakkarskamp as 'n werklose.
  - Hy het geen ondersteuningstelsel (bv. familie) wat hom tot hulp kan snel nie.
  - Hy is 'n slagoffer van 'n diskriminerende, etiketerende sosiale stelsel.
- Bafana wil ten spyte van sy situasie
  - Steeds vir sy ouers 'n huis in Sandton gaan koop en hulle lewens verbeter.
  - Getrou bly aan die lewenswaardes wat sy ouers hom geleer het.
- Bafana se reaksie op Mama se brief
  - Hy gaan teleurgesteld wees dat die regte ding nie die regte gevolge het nie.
  - Hy mag dalk ook soos Mama verander ten einde haar guns terug te wen.
- Wat Mama-hulle kan kry
  - 'n Rykmanshuis, alles wat hulle harte nog begeer het
  - Aansien as die ouers van die "besigheidsman" Zuki.
- Hoe Zuki die septer swaai
  - Hy gebruik geweld en misdaad om sy gesag af te dwing.
  - Hy draai naiëwes, soos sy ma-hulle, 'n rat voor die oë ten einde himself in die beste lig te stel en die grootste voordeel te trek.
- Mama se reaksie op Bafana se brief
  - Sy is teleurgesteld en verontwaardig oor sy gebrek aan "insig" – soos Zuki dit aan haar duidelik gemaak het.

(10)

**EN****Deel B**

Die kandidaat behoort die volgende elemente in die literêre opstel te gebruik om aan te toon hoe verskillend die twee milieus is én hoe dit met die kennis van die kandidaat oor omstandighede in Johannesburg ooreenstem.

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes
- relevante tekstaanhaling
- 'n formele styl
- 'n samevattende slot

Inhoudelik moet hy/sy uiteensit watter ooreenkomsste en/of verskille daar tussen die verhaalgebeure en die karakters se omstandighede en sy/haar eie kennis of ervaring van die Johannesburg-milieu is. Toon duidelike verbande met die verhaaldetail.

Gebruik ten einde laaste hierdie aangepaste 7-vlak tabel as riglyn om 'n balans te vind tussen die inhoudelike motivering en stilistiese elemente van die kandidaat se werk.

(20)

<b>INHOUD (STANDPUNT-INNAME) (60%)</b>	<b>STYL (40%)</b>												
	<b>TOTAAL: 20</b>												
<b>UITMUNTEND</b> VLAK 7	'n Baie doelgerigte, persoonlike styl in unieke woorde en puik sinsbou. Byna perfek.	<b>VERDIENSTELIK</b> VLAK 6	'n Baie goede, relevante styl getoon in gevorder-de woord- en sinsbou. Een of twee stylfoute.	<b>BEVRDIGEND</b> VLAK 5	Goed-onderrigte styl getoon in goede woorde, sinsbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	<b>VOLDOENDE</b> VLAK 4	'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens steurend.	<b>GEMIDDELD</b> VLAK 3	'n Baie holruggeryde styl getoon in onbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute plaasbaie.	<b>ELEMENTÊR</b> VLAK 2	Vervelende styl getoon in swak woorde- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor.	<b>ONTOEREIKEND</b> VLAK 1	Doelloose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.
<b>UITMUNTEND</b> VLAK 7	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	20	17.5	16	15	12.5	11	9					
<b>VERDIENSTELIK</b> VLAK 6	Baie goede, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	19	17	15.5	13	12	10.5	8					
<b>BEVRDIGEND</b> VLAK 5	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	18	15	14	12.5	10	9	7.5					
<b>VOLDOENDE</b> VLAK 4	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip nie óf leemtes in gedagtes.	16	14.5	13.5	11	9	7	6					
<b>GEMIDDELD</b> VLAK 3	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	15	13	12	10.5	8	6	4.5					
<b>ELEMENTÊR</b> VLAK 2	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	14	12	10	9.5	7.5	5	3.5					
<b>ONTOEREIKEND</b> VLAK 1	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	13	11	9	7	6	4	2					

30 punte

**AFDELING B****VRAAG 3****Deel A**

Kandidate kan 'n reeks eienskappe noem, maar van die belangrikstes is:

- opskrif/produkidentifikasie/logo
- woordspelings
- kleur
- treffende uitleg
- kreatiewe/ongewone aanslag
- trefreël
- visuele aansporings

(5)

**EN****Deel B**

Gebruik die meegaande tabel om die advertensieteks te assesseer. Let op die styl, uniekheid (kreatiwiteit) en teikengroep. In dié tabel dra die styl groter gewig as die inhoud.

<b>STYL</b> (60%)	<b>INHOUD</b> (40%)							
	<b>TOTAAL: 30</b>		<b>UITMUNTEND</b> VLAK 7	<b>VERDIENSTELIK</b> VLAK 6	<b>BEVREDIGEND</b> VLAK 5	<b>VOLDOENDE</b> VLAK 4	<b>GEMIDDELD</b> VLAK 3	<b>ELEMENTËR</b> VLAK 2
<b>UITMUNTEND</b> VLAK 7	'n Baie doelgerigte, persoonlike styl getoon in unieke woorde en puik sinbou. Byna perfek.	30	27	24.5	22	19	16.5	14
<b>VERDIENSTELIK</b> VLAK 6	'n Baie goede, relevante styl getoon in gevorder-de woorde- en sinbou. Een of twee stylfoute.	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12
<b>BEVREDIGEND</b> VLAK 5	Goed-onderrigte styl getoon in goeie woorde, sinbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10
<b>VOLDOENDE</b> VLAK 4	'n Verwagte styl in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute heel steурend.	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5
<b>GEMIDDELD</b> VLAK 3	Holruggeryde styl in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie.	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5
<b>ELEMENTËR</b> VLAK 2	Vervelende styl getoon in swak woorde- en sinsbou. Te veel stylfoute.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5
<b>ONTOEREIKEND</b> VLAK 1	Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper betekenisloos.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3

**DEEL DIE PUNT UIT 30 DEUR 2 ten einde die punt uit 15 te bereken.** (15)

(Rond die finale punt af)

20 punte

**EN**

## VRAAG 4

### Deel A

Kandidate moet hul EIE **samevattende woord of frase** (hoofgedagte) vir elkeen van die onderstreepte sinne gee. (Indien hulle dit net so oorskryf, word net 'n halfpunt vir elke oorgeskryfde sin gegee.)

#### Moontlike woorde of frases:

- *Tshwane-metrobeamptes*
- *Dr Kok / Tshwane-lisensiehoof*
- *Mnr Khumalo / Gefrustreerde kliënt ...*
- *Die algemene probleme / Publiek se frustrasies ...*
- *Oplossings / Die publiek se wense ...*

(5)

### EN

### Deel B

Kandidate moet die essensie van die oorspronklike berig uitlig, maar in ...

- 'n ander **styl**  
(informeel, en eietyds);
- 'n ander **formaat**  
(2 kolomme, kop, inleidende paragraaf, volgens 'n lengtevereiste ), en
- 'n ander **register**  
(jongmenstaal wat unieke uitdrukkings en/of slêng kan bevat) aanbied

Gebruik die tabel wat hieronder volg om die berig te assesseer.

[In die tabel dra die styl groter gewig as die inhoud]

<b>STYL</b> (60%)	<b>INHOUD</b> (40%)								
	<b>TOTAAL: 30</b>			<b>UITMUNTEND</b> VLAK 7	<b>VERDIENSTELIK</b> VLAK 6	<b>BEVRDIGEND</b> VLAK 5	<b>VOLDOENDE</b> VLAK 4	<b>GEMIDDELD</b> VLAK 3	<b>ELEMENTÊR</b> VLAK 2
<b>UITMUNTEND</b> VLAK 7	'n Baie doelgerigte, persoonlike styl getoon in unieke woorde en puik sinbou. Byna perfek.	30	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewे verteller.	Baie goede, keurig beplande, goed afgeronde siening. Toon 'n bogemiddelde begrip	'n Goeie, klasonderrigte siening. Toon 'n stereotipe begrip van die saak.	'n Doodgewone, ingedrilde siening. Toon nie eie begrip nie of leemtes in gedagtes.	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningstekorte.	Min of geen sinvolle insig in los paragraawe sonder enige beplande uiteensetting.	Insig is irrelevant en onsamengeskrukteer. Amper onverstaanbaar.
<b>VERDIENSTELIK</b> VLAK 6	'n Baie goeie, relevante styl getoon in gevorderde woord- en sinbou. Een of twee stylfoute.	28	27	25.5	23	20	17.5	14.5	12
<b>BEVRDIGEND</b> VLAK 5	Goed-onderrigte styl getoon in goeie woorde, sinbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10	8.5
<b>VOLDOENDE</b> VLAK 4	'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens steurend.	24.5	22	19	16.5	14	11	9.5	6.5
<b>GEMIDDELD</b> VLAK 3	'n Baie holruggeryde styl getoon in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie.	23	20	17.5	14.5	12	10	7.5	5
<b>ELEMENTÊR</b> VLAK 2	Vervelende styl getoon in swak woord- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5.5	3
<b>ONTOEREIKEND</b> VLAK 1	Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3	

**DEEL DIE PUNT UIT 30 DEUR 2 ten einde die punt uit 15 te bereken. (15)**  
(Rond die finale punt af)

**20 punte**

**Totaal: 100 punte**